



# **Nasionale Landbou Jeugskou**


## **Perde Handleiding**



2024

# INHOUD

1. INLEIDING
2. DOEL
3. STALBESTUUR
4. ROETINE SKOONMAAK VAN 'N PERD
5. WATER
6. VOEDING
7. HANTERING VAN PERDE
8. GESONDHEID
9. SIEKTES BY PERDE
10. PARASIETE
11. TANDE, HOEWE EN BASIESE SORG
12. TOERUSTING
13. LIGGAAMSDELE VAN DIE PERD
14. FINALE VOORBEREIDING VIR 'N SKOU
15. ALGEMEEN
16. RIGLYNE VIR WAS
17. RIGLYNE VIR VOORBEREIDING
18. RIGLYNE VIR SKOUMAN
19. RIGLYNE VIR GROEPKLASSE
20. ALGEMENE INLIGTING



# 1. INLEIDING

Om 'n perd te gaan skou beteken dat jy as ruiter of hanteerder daarvan oortuig is dat die perd wat jy gaan vertoon, vir die beoordelaar aanvaarbaar sal wees. Die feit dat jou perd goeie beweging en 'n perfekte konformasie het, is van nul en gener waarde as jou perd nie vertoonbaar is nie. M.a.w. die volgende aspekte moet in plek wees:

- Kondisie van die perd
- Haarkwaliteit
- Hoewe
- Hanteerbaarheid
- Voorbereiding, ens.

## 2. DOEL

Die doel van hierdie handleiding is om algemene riglyne neer te lê vir die voorbereiding van 'n perd vir jeugskou, spesifiek gerig op handklasse. Verder dien dit ook as basis vir die kennis-vraestel tydens jeugskoue.

## 3. STALBESTUUR

### 3.1 INLEIDING

Dit behoort die ambisie van elke ruiter te wees om te streef na die hoogste standaard van kondisie van sy perd, die georganiseerde bestuur van sy stalle, die versorging van saaltuig, die oefening en rus van perde, asook die algemene higiëne van die stalkompleks.

Goeie stalbestuur is die vermoë om 'n perd in 'n fiks en gesonde toestand onder higiëniese toestand te onderhou.

### 3.2 STALLE

**a) Vereistes vir stalle:** Die volgende aspekte is van belang:

- Groot genoeg wees
- Droë fondasies
- Goeie dreinerings
- Goeie ventilasie
- Genoegsame lig
- Goeie watervoorsiening
- Sekuriteit. Die stalkompleks moet omhein wees met genoegsame hekke wat deeglik kan toemaak.

**b) Grootte van 'n Stal**

Perde wat wissel tussen 14,3 hh en 16,2 hh behoort 'n ruim genoeg stal te hê wat hom sal toelaat om te lê en/of om te draai. Die volgende afmetings voldoen aan bg. vereiste:

- Vloeroppervlak: 9 vk m
- Muurhoogte: 3,6m
- Dubbel baksteen mure is ideal en vogbestand.

### c) Stalvloere

Vloere behoort aan die volgende vereistes te voldoen:

- Sementvloere is die populêrste: dit is redelik goedkoop en duursaam. Sementvloere moet grof gemaak word om te verhoed dat dit gevaarlik glad word. Die stalvloer moet nie waterhoudend wees nie, d.w.s. daar moet 'n dreineringsstelsel wees. Dit kan gedoen word deur die vloer na die staldeur te laat afloop.

### d) Staltoebehore

Die volgende items behoort in 'n stal voor te kom:

- **Deur:** Hoog genoeg sodat die perd nie bo-oor kan klim nie en toegerus met 'n grendel wat 'n perd nie kan oopmaak nie.
- **Metaalring:** Alle ringe moet stewig vas wees. Daar behoort 'n ring ongeveer 1,5m vanaf die vloeroppervlakte te wees waaraan die perd vasgemaak kan word. 'n Tweede ring ongeveer 2 m hoog, om die tefnet aan te hang sodat die middel van die tefnet ongeveer 1,8 m vanaf die vloer kan wees. (Hierdie afmetings kan aangepas word na gelang van die grootte van die perd.)
- **Voerbak:** 'n Ingeboude voerbak behoort in die voorste hoek van die stal te wees, weg van die deur. Dit moet ongeveer die hoogte van die bors van die perd wees. Die voerbak moet vlak genoeg wees sodat die perd nie sy kakebeen daarteen kan stamp nie, maar diep genoeg sodat hy nie die voer kan uitgooi nie.
- **Hooirak:** Dieselfde hoogte as wat 'n tefnet hang is 'n goeie idee en is minder arbeidsintensief om vol te maak as hooinet.

## 3.3 SKOONMAAK VAN STALLE

Deeglike en nougesette bestuur is nodig by stalle wat elke dag skoongemaak moet word.

Die volgende stappe kan tot hulp wees:

- Plaas alle gereedskap benodig buite die stal.
- Maak die perd vas of verskuif hom na 'n veiliger plek voordat skoonmaak begin.
- Verwyder die waterbak, maak waterbak deeglik skoon en plaas terug sodra die stal skoongemaak is en gooi vars water in.
- Verwyder alle mis en nat beddegoed met 'n gaffel of agttand vurk. Verseker dat daar altyd weg van die perd af gewerk word.
- Skei die vuil en skoon beddegoed van mekaar en werk die vuil beddegoed na die deur toe. Die skoon beddegoed word teen die kant van die mure opgewerk sodat die vloer 'n geleentheid kan hê om droog te word.
- Die opgewerkte beddegoed word gebruik om in die middel 'n "bed" te maak, terwyl vars beddegoed om die kante gegooi word om die beddegoed aan te vul wat verwyder is.

## 3.4 BEDDEGOED

As perde in 'n stal-omgewing moet oorleef is 'n goeie bed belangrik om die volgende redes:

- Dit sal die perd aanmoedig om te gaan lê en sodoende die stres op sy bene en pote verlig.
- 'n Diep, sagte bed sal beserings aan die hakke voorkom wanneer die perd gaan lê en opstaan.
- Dit sal help om die koue uit te hou.
- Dit sal die perd aanmoedig om te urineer. Gereelde urinering is belangrik vir die gesondheid van die perd.

- Dit dien as dreinerings en vog absorbeerder.
- Dit help om die perd skoon te hou.

### 3.5 KAMPE

Heinings is 'n belangrike onderwerp, dit is nie alleenlik essensieel om perde binne te hou nie, maar dit moet op 'n veilige manier gedoen word. Die volgende aspekte behoort oorweeg te word:

- Die beste tipe heining vir perde is houtpale en dwarsbalke, stewig vas en behandel met kreosoot. Dit sal 'n leeftyd hou en is daarom op die lang termyn baie ekonomies.
- Die kamp moet groot genoeg wees om ongeveer 0,5 hektaar per perd toe te laat. Dit is belangrik dat hekke wat vir perde gebruik word stewig is en maklik oop en toe maak. Grendels moet effektief en funksioneel wees.
- Alle hekke en relings moet glad wees, sonder enige bulte en spykers wat uitsteek en beserings kan veroorsaak.

### 3.6 STOOR VAN VOER

Die korrekte manier van stoor van voer is baie belangrik nl:

- Dit moet skoon en droog gehou word.
- Dit moet beskerm word teen peste en plae (muis, miet, ens.)
- Nuwe voer moet apart van ou voer gestoor word.
- Ou voer moet eerste gebruik word. **Eerste in - eerste uit.**

## 4. ROETINE SKOONMAAK VAN 'N PERD

- a) Wanneer perde op stal aangehou word, normaalweg tot 12 ure per dag, word hulle uit hulle natuurlike habitat geneem en is dit die verantwoordelikheid van die hanteerder om na die perd om te sien en skoon te maak.

Skoonmaak van die perd behels die daaglikse aandag wat geskenk moet word aan die vel, maanhare, stert en voete van 'n perd op stal. Om die gestalde perd skoon te maak behoort tussen 30–45-minute te neem, afhangende van die kondisie van die perd, die tyd van die jaar en werk wat die perd die spesifieke dag gedoen het.

Perde word om die volgende redes skoongemaak:

- Om gesondheid te bevorder
- Om kondisie te behou
- Om siektes te voorkom
- Om higiëne te bevorder
- Om voorkoms te verbeter

### b) Skoonmaak van die hoeve

- Verwyder alle materiaal in die hoef met die hoefkrapper.
- Werk van die hak afwaarts na die toon.
- Inspekteer die muis vir enige tekens van vrotpootjies.
- Hoewe behoort ten minste een keer 'n week met olie behandel te word. In droë, sanderige omstandighede behoort dit meer gereeld gedoen te word.

**c) Verwydering van modder en sweet**

- Gebruik die roskam in 'n sirkelbeweging.
- Moenie die roskam op die benerige areas van die lyf gebruik nie.
- Moenie oormatige druk op die rugstring- en nierareas gebruik nie.
- Maak die roskam gereeld skoon deur dit teen jou skoene se hak te tik.

**d) Massering van spiere**

- Werk met die roskam in die rigting van die haargroei.
- Gee spesiale aandag aan die areas waar die spiere hard en plat is.
- Vermy benerige areas.
- Werk sag oor sensitiewe areas.

**e) Verwydering van stof**

- Staans langs die perd se voorkwarte en kyk in die rigting van die agterkwarte.
- Neem die sagte borsel in die hand naaste aan die perd en roskam in die ander hand.
- Gebruik redelike druk op die borsel en verwyder die stof deur saam met die lê van die hare te borsel.
- Na elke paar hale word die borsel met die roskam skoongemaak.
- Die roskam word skoongemaak deur dit teen die stewelskoene se hak te tik.

**f) Skoonmaak van die kop**

- Plaas die halter om die perd se nek.
- Staans langs die kop en kyk in dieselfde rigting as die perd.
- Die arm naaste aan die perd word onder die kakebeen deurgeplaas met die hand op die neus.
- Die sagte borsel word in die ander hand vasgehou.
- Borsel die kop liggies ten einde nie die benerige en sensitiewe areas te beseer nie.
- Herhaal weeskante en plaas die halter terug op die perd se kop

**g) Borsel van die Stert**

- Staans langs die agterkwarte, neem die stert in die hand naaste aan die perd met die sagte borsel in die ander hand. Werk slegs met 'n paar lokke op 'n slag.
- Borsel die stert deeglik en gebruik die vingers om enige koeke mee los te maak.
- Die hardeborsel word nie hiervoor gebruik nie, aangesien dit die hare breek.

**h) Gebruik van spons of lap**

- Spoel die spons/lap uit in 'n ligte Savlon oplossing.
- Maak die oë skoon deur vanaf die hoeke na buite te werk.
- Spoel uit nadat elke oog skoongemaak is.
- Maak die lippe sowel as die binne- en buitekant van die neus skoon.
- Laastens, lig die stert op en maak die sterwortelarea skoon.

## 5. WATER

Perde moet daaglik voer en water ontvang. Alhoewel 'n perd vir 'n geruime tyd sonder voer kan gaan is dit nie die geval met water nie.

### Waarom moet ons water gee:

Die grootste gedeelte van die perd se liggaam bestaan uit water. 'n Vul bestaan uit 80% water en 'n volwasse perd uit 50%. Die perd gebruik water om die volgende redes:

- Sonder water word die bloedsomloop belemmer en kan die perd se spysverteringskanaal nie na wense funksioneer nie.
- Kalk in die water help met die bou (vorming) van bene en ander weefsels.
- Water is nodig om dors te les.
- Water help met ontlasting.

### Waterinname en Reëls vir Water gee:

- 'n Perd drink tussen 30 en 50 liter water per dag.
- 'n Perd vervaardig 30 liter maagsappe per dag om te help met spysvertering.
- Water moet verkieslik vrylik beskikbaar wees.
- Die perd moet in die winter minstens 3x/dag water kry en in die somer 6x/dag.
- Gee water voor voer.
- Indien water nie vrylik bekombaar is nie, moet die perd eers weer 'n uur na voeding water kry.
- As die waterbak in die stal is, moet dit 2x per dag skoongemaak word en hervul word met vars water.
- Indien die perd lank sonder water gegaan het, moet hy eers klein hoeveelhede gegee word totdat sy stelsel weer normaal funksioneer.
- Verwyder die water 2 - 3 uur voor harde werk – 'n vol maag sal op die diafragma druk en asemhaling beïnvloed.
- Tydens lang, harde werk moet die perd toegelaat word om elke 2 uur ongeveer 10 slukke water te kry.

### Die volgende waterselsels kan in 'n stalkompleks aangetref word:

#### Watertrog in die Binneplaas:

Die perd het volle toegang indien hy in die kamp is. As die perd op stal is en die watertrog in die binneplaas die enigste waterbron is, moet die perd gereeld buite toe geneem word om te drink.

#### Outomatiese Drinkbak:

Dit is 'n goeie stelsel indien dit skoon en in 'n werkende toestand gehou word. Die hoeveelheid water wat die perd inneem per dag kan nie bepaal word met die stelsel nie. Waterinname moet gekontroleer word, aangesien 'n vermindering van waterinname 'n teken van ongesteldheid is.

#### Emmer of Drom in die Stal:

Dit is die effektiwste stelsel. Die drom/emmer moet in die hoek van die stal wees, weg van die voerkrip. Die houder moet vanaf die stal deur geïnspekteer en volgemaak kan word. Die houer moet minstens 2x/dag skoongemaak word en hervul word met vars water.

## 6. VOEDING

Die hoeveelheid voer wat 'n perd per dag ontvang, hang van die volgende faktore af:

- Of die perd op stal of in 'n kamp aangehou word.
- Die grootte, ouderdom en temperament van die perd.
- Die jaargety.

### Rantsoenskale

Elke perd behoort volgens 'n spesifieke rantsoenskaal gevoer te word. 'n Perd se werksverrigting sal bepaal volgens watter skaal hy gevoer word.

### Reëls vir voeding

- **Voer Min maar Gereeld:** 'n Perd eet min per geleentheid, maar wei gereeld aangesien sy spysverteringstelsel nie die vermoë het om 'n groot maat voer te behartig nie. Gekontroleerd en korrek gedoen, kan voeding tot 3x/dag beperk word.
- **Gee baie Ru-voer:** Sonder genoegsame ru-voer kan 'n perd se spysverteringstelsel nie korrek funksioneer nie. Ru-voer behoort vrylik beskikbaar te wees. 'n Perd moet ook nooit op stal gelos word vir meer as twee uur sonder 'n hooinet nie.
- **Voer volgens Werk, Kondisie, Grootte, Temperament en Ouderdom:** Wanneer 'n perd hard werk het hy meer energiegewende kos soos hawer en konsentraat nodig. As hy ligte werk doen of geen, moet die konsentraat verminder word of die perd sal 'n uitlaat soek vir sy energie deur slegte gewoontes aan te leer of moeilik hanteerbaar te word. Onthou om meer ru-voer te gee wanneer konsentraat verminder word.
- **Gee Water Voor Voer:** Om te verseker dat die voer lank genoeg in die perd se maag bly om die voedingswaarde te benut, moet water nie direk na voeding gegee word nie, anders word die kos deurgespoel. Dit geld nie as water vrylik beskikbaar is nie. Voeding behoort in die volgende volgorde gegee te word:
  - a. Water
  - b. Ru-voer
  - c. Konsentraat
- **Gee Slegs Skoon en Goeie Kwaliteit Voer:** 'n Perd kan slegs dít wat in die kos is, benut. Daarom moet hoë kwaliteit kos gevoer word wat maklik verteerbaar is, en wat 'n hoë voedingswaarde het.
- **Verhoed skielike Verandering in Voedingstye:** Gereelde voedingstye, gebaseer op roetine, is uiters belangrik om 'n perd in goeie kondisie te hou. As 'n perd gewoon is om op 'n vasgestelde tyd gevoer te word, begin sy stelsel outomaties op hierdie tye meer maagsappe afskei en is hy fisiologies sowel as sielkundig reg ingestel om kos te ontvang. Hy is ontspanne en gereed om te eet.
- **Moenie Skielike Verandering in die Tipe en Hoeveelheid Voer maak nie:** Verandering in kwaliteit en tipe voer moet gepaard gaan met 'n verandering van werk. Voerverandering moet geleidelik oor 'n tydperk van 'n paar weke geskied, om nie die perd se stelsel te versteur nie. Konsentrate kan sonder gevaar verminder word, maar moet stelselmatig vermeerder word.
- **Moenie 'n Perd Onmiddellik na 'n Voeding Werk nie:** Die bloed word meestal in die spysverteringskanaal gekonsentreer en 'n skielike aanvraag van spierkrag laat die bloed van die spysverteringskanaal onttrek om suurstof aan die spiere te verskaf. Dit veroorsaak krampe en 'n onvoldoende afbreking van die voedsel in die maag en dermkanaal. Om dieselfde rede moet 'n perd nie na harde werk gevoer word nie. Laat



die perd eers stadig afkoel voordat hy sy kos kry.

- Voer ook iets sappigs elke dag.
- Voer op dieselfde tye elke dag.
- Weet hoeveel gewig voer jou voeremmer vat.
- Moet nooit voer op grond gooi nie.
- Pasop vir gemufde voer. Voerstore moet skoon wees. Muise dra siektes en hul mis is gevaarlik vir perde.
- Byvoeding wat vir perde gegee kan word is melasse (500 g/dag), soutlek, vitamieene en minerale. Wortels en appels is ook baie gesond.

## 7. HANTERING VAN PERDE

Perde moet te alle tye kalm hanteer en benader word om te voorkom dat hulle skrik en sodoende hulself of die ruiter beseer.

### Benadering

- In 'n kamp:** Ondergenoemde moet nagekom word as 'n perd in 'n kamp genader word:
  - Som die perd op deur te bepaal of hy mak of wild is.
  - Probeer om hom in 'n hoek vas te keer.
  - Indien moontlik, moet die perd altyd van links voor genader word.
  - Maak gebruik van jou stem om die perd te kalmeer.
  - Hou sy oë, ore en neusvleuels dop vir enige tekens van rusteloosheid.
  - Moenie enige vreemde voorwerpe in die hand dra nie.
  - Moet nooit vinnig na die perd toe beweeg nie.
  - Sodra u by die perd is, streef hom teen die nek en skouer en praat met hom om hom te kalmeer.
  - Staan langs sy linkervoorbeen en plaas jou regterarm om sy nek.
  - Moet nooit hardloop nie.
- In die stal:** Net soos hierbo, maar verseker dat die perd van jou teenwoordigheid bewus is alvorens jy hom aanraak.
- Aansit van die halter:** 'n Halter word soos volg aan die perd gesit:
  - Plaas die leitou met die regterhand om die perd se nek.
  - Neem dit aan die anderkant van die nek met die linkerhand, onder die nek en plaas die los punt saam met die res in die regterhand.
  - Plaas die neusband van die halter met die linkerhand oor die perd se neus.
  - Met die regterhand oor die perd se nek, neem die halterband en plaas dit in posisie agter die ore op die kroon en gespe dit vas.
- Hoe om 'n perd te vang**
  - Vang hom elke dag en sit vir hom 'n halter aan, al is dit net om vir hom 'n lekkerny te gee om te eet. So sal jy hom more makliker vang.
  - Hou altyd 'n lekkerny byderhand (bv. wortels of brood).
  - Dra die halter en leiriem oor jou skouer.
  - Loop tot waar hy jou kan hoor en roep hom.
  - Loop na sy linkerskouer toe. Gee vir hom 'n happie van die kos wat jy gebring het.
  - Sit leiriem oor sy nek.
  - Sit vir hom die halter aan.

- Maak die gespe langs sy oor vas.
- Gee vir hom die res van die kos.
- Sê vir hom "loop" en lei hom saam met jou.
- 'n Bietjie voer of 'n wortel hou die perd besig terwyl jy die leiband oor die perd se nek sit.

**e. Hoe om 'n perd los te laat in die kamp**


- Nooit met 'n toom nie.
- Stap tot binne die kamp.
- Maak die hek toe.
- Lei hom ongeveer 5 m van die hek af, draai om.
- Haal die halter af.
- Laat hom rustig wegloop.
- Moenie die perd wegjaag nie, anders sal jy hom more moeiliker vang.

**f. Lei van die ped met Halter of Toom: Die volgende is van toepassing wanneer 'n perd gelei word:**

- Neem die leitou in die regterhand ongeveer 15 cm vanaf die halter.
- Die los punt van die tou word opgerol en in die linkerhand geplaas.
- Beveel die perd om vorentoe te stap en trek liggies aan die leitou.
- Goedafgerigte perde sal onmiddellik volg sodra die hanteerder begin stap.
- Moet nooit die leitou ruk of die perd skrikmaak nie.
- Indien die perd weerstand bied of wegrem moet jy die tou onder geen omstandighede los nie. Kry 'n assistent om die perd van agter af aan te moedig om te stap.
- Wanneer die perd met 'n toom gelei word, word die teuels d.m.v. die wysvinger van mekaar geskei.
- Neem die teuel ongeveer 15 cm van die stang, sodat die vingernaels na onder wys.
- Neem die punt van die teuels in die linkerhand op.
- Indien die perd op sy agterpote staan of terugrem moet jy nie aan die teuels hang nie. Beweeg terug saam met die perd terwyl jy poog om hom te kalmeer.

**g. Vasmaak van perd**


- 'n Perd mag vasmag word slegs as daar iemand by hom is om bv. hom voor te berei of te laat eet ens. Jy mag hom nie alleen laat as hy vas is nie. Dit kan slegs gedoen word met 'n glyknoop soos volg:



#### **h. Optel van bene**

- Sit hou hand bo-op die perd se skouer of boud.
- Beweeg dan af met die skouer of boud langs, sonder om kontak met die perd te verbreek.
- Gee die opdrag van "Voet", en plaas met jou skouer bietjie druk toe om die nodige voet-optel reaksie te kry.

#### **Optel van voorbene**



#### **Optel van agterbene**



## 8. GESONDHEID

### Tekens van goeie gesondheid:

- 'n Ligte, wakker uitdrukking op gesig.
- Helder oë. Die membrane onder ooglid lig pienk van kleur.
- Geen afskeiding uit oë of neus. In somer is daar soms 'n afskeiding uit oë a.g.v. die irritasie van vlieë.
- Beweeglike ore.
- 'n Blink haarkleed wat lê.
- 'n Los vel wat beweeglik is om die onderliggende bene.
- Die perd staan met al vier bene eweredig op die grond, of indien perd ontspan, rus een agterbeen.
- Geen tekens van sweet as die perd rus, behalwe in warm vogtige toestande.
- Bene is koel met geen ongewone swellings.
- "Fairly opaque" en kleurlose of bleekgeel uriene wat verskeie kere per dag gelaat word
- Mis wat vry is van enige onaangename reuk en wat gereeld uitkom per dag. Kleur van mis mag wissel volgens voeding.
- Normale aptyt en waterverbruik.
- Temperatuur van 38° C (kan wissel met ½ graad op of af - snags en in die more.
- 'n Polsslag van 36 tot 42 slae per minuut as die perd rus (Loop - 75 spm, draf 127 spm).
- 'n Respirasie-tempo asemhaling van 8-12 inasems per minuut.

## 9. SIKTES BY PERDE

### 9.1 PERDESIEKTE

#### Oorsaak:

Dit is 'n Virussiekte wat net in Afrika voorkom. Die siekte is gewoonlik dodelik. Die siekte word deur muggies oorgedra van perd na perd. Daar word streng beheer toegepas deur die staat oor die siekte. Die gevaarlike tyd is Januarie tot Maart.

#### Simptome:

- Swelling van kop
- Neus – afskeidings
- Perd eet steeds goed
- Koors
- Skuim (rooi) uit neus of mond (net voor dood)
- Anorexia
- Moeilike asemhaling
- Geswelde bene

#### Optrede:

- Verwyder perd onmiddellik van ander.
- Kontak veearts.

#### Voorkoming:

Inenting

## 9.2 PERDEGRIEP

### **Oorsake:**

Word deur 'n virus veroorsaak wat ingeasem word en die asemhalingstelsel aantast. Dit is hoogs aansteeklik. Later word selfs die hart aangetas.

### **Simptome:**

- Verkoue en griep-simptome.
- Hoes en neusafskeiding (groen en geel).
- Eet minder of glad nie.
- Koors en hoë hartkloptempo.

### **Optrede:**

- Sonder die perd onmiddellik af.
- Kontak veearts.

### **Voorkoming:**

Inenting

## 9.3 STRANGLES

### **Oorsake:**

Bakteriese infeksie van die limfkliere.

### **Simptome:**

- Koors
- Neusafskeiding - eers waterig en later slymerig en dik
- Verloor aptyt
- Sluk moeilik
- Haal moeilik asem
- Vergrote kliere

### **Optrede:**

- Isoleer perd so gou moontlik
- Kontak veearts

### **Voorkoming:**

Inenting

## 9.4 KLEM-IN-DIE-KAAK

### **Oorsake:**

Diep wonde wat toe bly bv. trap in 'n geroeste spyker.

### **Simptome:**

- Sensitief vir lig
- Kakebeen sluit
- Derde ooglid wys
- Eet glad nie
- Onvas op bene (geen koördinasie)

- Kan nie opstaan
- Senuagtig en aggressief

**Optrede:**

- Kontak veearts
- Kyk vir wonde op plekke waar iets perd kon seermaak

**Voorkoming:**

- Inenting
- Waar iemand gereeld met perde werk is dit belangrik om self geënt te word teen klem-in-die kaak.

## 9.5 KOLIEK

**Oorsake:**

- Skielike en onbeheerde toegang tot groot hoeveelhede ryk voer (nuwe stal, omgewing, ens.)
- Verandering in voer-roetine
- Werk met vol pens
- Uitputting
- Gemufte kos/stof in kos
- Probleme met tande
- Interne parasiete
- Vraatsugtige eters
- Grondvloere in stalle
- Voer en drink te gou na werk

**Simptome:**

- Rol uitermatig rond
- Byt en skop na ander
- Lê vir lang periodes
- Mis nie of mis is hard
- Sweet
- Hoë temperatuur (koors)
- Ongemak
- Aggressiewe gedrag

**Optrede:**

- Kontak veearts

**Voorkoming:**

- Ondersoek tande gereeld
- Ontwurm
- Enige verandering in kos en roetine moet geleidelik wees
- Lei eers koud voor voer of water drink
- Vars skoon water
- Genoeg ruvoer
- Pasop vir te veel kragvoer
- Wees op uitkyk vir gemufde voer of vreemde goed in voer soos grond, ens.

## 9.6 BOSLUISKOORS

Verskeie bosluissoorte tree op as gasheer vir die "*Babesia*" parasiet. Bosluis dra dan die siekte oor van een na 'n volgende perd (veral bontpootbosluis).

### Simptome:

- Koors
- Anemia (bloedarmoede)
- Depressie
- Verlies aan eetlus
- Bleek slymvliese (tandvleis en oë)
- Uriene is rooi
- Mis is harde klein balletjies met 'n klewerige vliesie om
- Swelling van kop, bene, laer maag en bors
- Lamheid van agterlyf

### Optrede:

Kontak veearts

### Voorkoming:

Gereelde dip of bespuiting met dipstowwe

## 9.7 DEHIDRASIE

### Oorsake:

Te min water veral by harde werk of saam met ander siektes.

### Toets vir dehidrasie:

- Knyp die nekvel met hand en as jy los en die vel trek nie dadelik weer reg nie.
- Druk jou duim teen die pienk tandvleis vir 2 sekondes en los - as die kleur nie weer
- binne ½ sekonde terugkeer nie - gedehidreerd.

### Optrede:

Sorg altyd vir genoeg vars, skoon water.

## 9.8 THRUSH

### Oorsake:

Dit is 'n degeneratiewe kondisie van die muis wat die vorming van swart, stinkende vogtige materiaal veroorsaak in hoefsholte. As dit voortduur en uitbrei na sensitiewe weefsel, kan die perd "Lame" raak. Hierdie toestand ontwikkel a.g.v. swak higiëne, hoewe word nie gereeld skoongemaak nie en perd staan in vuil vogtige stalle of kampe.

### Behandeling:

- Verwyder die oorsaak
- Maak hoewe gereeld en goed skoon
- Trim muis en hoefstraat deur alle dooie en ou weefsel te verwyder
- Skrop hoef met antiseptiese middels
- Gebruik antibiotiese spray op besmette areas

### **Voorkoming:**

- Goeie higiëne
- Daaglikse, deeglike skoonmaak van hoewe
- Skoon en droë beddegoed
- Tone moet kort bly.

## **9.9 LAMINITIS (Inflammasie in voetvliese)**

### **Oorsake:**

Wanvoeding bv. te veel koolhidrate veroorsaak oormat sure en vorming van toksiene.

Meganies m.a.w. swak beslaan of trim van hoewe of te veel werk op harde oppervlaktes soos teer.

Stres bv. te ver vervoer.

Kortisoon ('n anti-inflammatoriese middel).

### **Tekens:**

- Hoef pyn en lamheid
- Warm hoewe
- Skuif gewig rond tussen bene en staan ongemaklik
- Beweeg en staan moeilik - gaan lê eerder

### **Optrede:**

- Kontak veearts
- Verwyder die oorsaak so gou moontlik
- Die hoefsmid moet saam veearts werk
- Gebalanseerde diëte
- Oefening is belangrik vir bloedsirkulasie – as die laminitis nog nie akuut is nie.

## **9.10 ASOTURIE**

### **Oorsake:**

Kom voor in fiks perde wat 'n vol kragvoer-rantsoen ontvang die dag na 'n rusdag. Wanneer perd weer werk, raak simptome sigbaar.

### **Simptome:**

- Effense stywe agterbene tot ernstige pyn en dan totale onvermoë om te beweeg.
- Oormatige sweet en donkerbruin uriene.

### **Optrede:**

- Staak alle oefening
- Hou perd warm
- Gee water en hooi - geen meel

### **Voorkoming:**

- Gee minder kragvoer op afdag.
- Warm op en warm af deeglik.
- Sorg vir genoeg kalsium, fosfaat en sout in rantsoen. Sny op hoë proteïen konsentraat.



## 10. PARASIE TE

### 10.1 INWENDIGE PARASIE TE

#### Simptome:

- Bleek slymvliese (bloedarmoede)
- Stert-skuur (tail rubbing)
- Hoes
- Koliek
- Dowwe haarkleed
- Verloor kondisie of tel nie op nie.

#### Tipes:

**Papies** - Maaiers of larwes van vlieë hoofsaaklik perdevlieë wat hul eiers op perd se hare lê (geel nete). Perd lek en kry papies in, dit kom uiteindelik in die maag en derms waar hulle vassit. Hulle skei 'n stof af wat nadelig is vir perd. Hulle leef van die kos in die maag en derms.

**Lintwurms** – Leef in dik of dunderm. Litte kom in mis uit en veroorsaak verdere besmetting. Die gasheer is klein myte wat op gras voorkom en deur perd ingeneem word. Hulle neem klaar verteerde voedsel op en berooft perd dus van sy voedingstowwe.

**Perdeaskaris** - 'n Groot wurm wat in die dunderm so dik en groot soos potlood word. Ons vind dit baie by jong perde wat hulle swak laat groei, hul haarkleed verdof en raak slordig en dikwels kom maagwerk en koliek voor.

#### Beheer:

Ontwurming/Doseer:

- Hoë risiko perde (groot hoeveelhede in kampe): elke 4 weke.
- Medium risiko groep (min perde, maar in kamp in kontak met mekaar): elke 3 maande.
- Lae risiko groep (perd in stal - nie baie kontak met ander nie): elke 6 maande.

### 10.2 UITWENDIGE PARASIE TE

#### Tipes:

**Bosluisse:** Suig bloed en kan siektes by perde oordra.

**Muggies:** Dra perdesiekte oor en irriteer perd.

**Vlieë en Perdevlieg:** Baie lastig en kan miltsiekte oordra.

#### Simptome:

Bloedarmoede, wonde, beskadigde vel, siektes.

#### Beheer:

- Bosluisghries/Vaseline
- Smeer tussen bene, onder stert, in die ore en agter hoewe.
- Spuit of dip met Chemiese middels

### Inentings:

- LW. 1) Lees etiket  
2) Gebruik 'n veearts om inentings te doen

**Perdesiekte:** September tot November. Jaarliks. Onderhuids in nek.

**Perdegriep:** Maart/April. Jaarliks.

**Klem in die Kaak:** Maart/April. Jaarliks

**Strangles:** September/November. Jaarliks. Waar merries dragtig is, moet seker gemaak word of hulle gespuit kan word.

## **11. TANDE, HOEWE EN BASIESE SORG:**

- Inspekteer daaglik jou perd se bene, rug en voete vir hitte (pyn) en swelsels.
- Moet nooit 'n "lame" perd ry nie.
- Maak voete daaglik skoon en kyk vir klippies of snye.
- Wend gebruikte of nuwe sonneblomolie aan op hoeve en begin by hare en eindig onder die hoef.
- Kontroleer die kante van die bek vir swelsels wat dalk skerp tande kan wees.
- Wees gevoelig sodat jy gou kan voel as jou perd koors het.
- Maak seker jou perd eet goed.
- Kontroleer vir geswelde kliere.
- Sit sonbrandmiddel op die perd se sensitiewe pienk en wit merke op sy gesig.

### Tande:

Perde se tande moet gereeld nagegaan word. 'n Perd se maaltande werk lateraal teen mekaar en kan deur slytasie skerp punte veroorsaak wat verhoed dat die perd sy kos behoorlik kan fynmaal. Dit kan selfs gebeur dat hy sy mondwande raakbyt en later weier om te eet. As 'n perd met 'n oop bek kou, en sodoende kos uit sy bek laat val, is dit 'n teken dat daar fout is met die perd se tande.

### Noodhulpkas:

Dit is belangrik om altyd 'n noodhulpkas in die tac-room of op reis te hê. Dit word gehou in 'n kleinerige, skoon, waterdigde kassie. Die inhoud van die kassie is vir die behandeling van klein beserings wat mag voorkom in die stalle of kampies of wanneer perd deelneem aan kompetisies. Vir meer ernstige beserings, is noodhulp slegs 'n tydelike prosedure en moet 'n veearts altyd gekontak word.

### Inhoud van noodhulpkas:

- Antiseptiese middels soos jodium, dettol, ens. vir skoonmaak van wonde.
- Wondpoeiers en aerosols
- Salwe soos betadine of savlon of dermisol
- Verbande en pleisters
- Steriele non-adherent dressing
- Watte
- Skêr (Curved blunt ended)
- Poultices – warm of koud.  
**Warm** – om bloetoevoer te verbeter  
**Koud** – om inflammasie te keer wat geassosieer word met swelling en kneusing na skoppe.
- Termometer

## 12. TOERUSTING

### Hoe om 'n toom op te sit.

In die skouring word 'n paslike leertoom of halter gebruik. Skou groot perde en reuns met 'n toom, vullens met 'n leerhalter.

- Kyk dat wangstukke "cheek pieces" aan beide kante in dieselfde gate is en min of meer die regte lengte is vir die perd wat opgesaal moet word.
- Haal halter af en maak dit vas om perd se nek.
- Sit teuels oor perd se kop tot op die nek
- Die kopstuk "head piece" in die regterhand.
- Stang in die linkerhand, druk duim van linkerhand binne in perd se bek langs die kant sodat hy sy bek kan oopmaak.
- Druk stang versigtig in sy bek, moenie die stang teen die perd se tande kap nie.
- Trek die toom oor die perd se gesig en druk versigtig eers die regteroor en dan die linkeroor deur die toom.
- Maak die keelband "throat lash" vas, nie te styf, jy moet jou hand horisontaal tussen die perd se wang en die keelband kan inpas.
- Maak die neusband vas (verskillende tipes word verskillend vasmag).
- Moenie die perd net los wanneer jy klaar is nie. Hou hom vas of maak hom vas met die halter bo-oor die toom. Moet nooit 'n perd met die teuels vasmaak nie.

### Basiese kennis van korrekpasse toerusting – toom

#### **Toom (met trens tipe stang en cavesson neusband)**

- **Neusband** - twee vingers moet tussen die neusband en punt van die wangbeen pas.
- **Stang** - hoog genoeg in die bek om ten minste een kreukel in die hoeke van die lippe te maak.
- **Stang** - wyd genoeg om nie die lippe te knyp nie.
- **Stang** - moet ook nie te groot wees nie, dis ongemaklik vir die perd.
- Alle los punte moet netjies in die lussies "runners and keepers" gestee word.
- Maak seker dat alles reguit is en netjies lyk.

### Basiese versorging van toerusting

#### **i. Toom**


- Was altyd die stang
- Hang toom netjies op
- Plaas teuels deur die keelband

#### **ii. Skoonmaak**


- **Leer** - gebruik saalseep en leerolie om leer sag en skoon te hou.
- **Materiaal** - was gereeld om sag en skoon te hou.

**Name en gebruike van die belangrikste roskam toerusting:**

1. **Hoefkrapper "hoof pick"** - krap die hoewe onder skoon.
2. **Harde borsel "dandy brush"** - borsel droë sweet en modder (nie op die bene nie).
3. **Sagte lyfborsel "body brush"** - borsel stof, los velletjies en haarolie uit die pels. Verwyder skilfers uit maanhare, gebruik op die sterthare, maanhare en lyf.
4. **Metaalroskam** - om ander borsels teen skoon te borsel.
5. **Rubber roskam** - borsel droë sweet en harde modder af.
6. **Plalstiek roskam** - borsel ook sweet en modder af, baie goed om die los winterhare uit te borsel in die lente.
7. **Waterborsel** - maak maanhare en stert nat en om modder van hoewe af te was.
8. **Twee sponse** - een vir gesig (neus en oë) en die ander een vir onder die stert.
9. **Maanhaarkam** - om maanhare en sterthare te trek en ook om hare te deel wanneer jy vleg.
10. **Vlieg-eier-mes of skuurder "bot knife or bot block"** - om vlieë eiers af te haal.
11. **Hoefolie en kwas** - olie hoewe vir spesiale geleenthede.
12. **Klein plastiek emmertjie** - water om maanhare en stert nat te maak.
13. **Handdoeke** - om die perd af te droog.
14. **Stallap "stable rubber"** - om hare glad te vryf as perd klaar geborsel is (stukkie skaapvel of lap).
15. **Was handskoen "washing mitt"** - roskam perd terwyl hy nat is wanneer hy gebad word.
16. **Sweetskraper** - om oortollige water uit die hare te skraap.



### 13. LIGGAAMSDELE VAN DIE PERD



1. Kuif 2. Ore 3. Kroontjie 4. Oog 5. Kengroef 6. Voorkop 6A. Gesig 7. Nekaansluiting 8. Neus 9. Neusgat 10. Bek 11. Kakebeen 12. Keel 13. Nek 14. Maanhare 15. Kam 16. Maantop 17. Skof (hoogte by hoogste punt gemeet) 18. Rug 19. Skouer 19A. Skouerpunt; boeg 20. Bors 21. Bobeen of voorarm 22. Voorbeen 23. Voorknie 24. Elmboog 25. Skeen 26. Pypbeen 27. Hoefkroon 28. Hoef 29. Hiel 30. Koot 31. Kootgewrig 32. Swilvat 33. Ribbekas 34. Lies 35. Hartomvang 36. Skede 37. Spronggewrig (hak) 37A. Agterpypbeen 38. Kniegewrig 39. Skenkel 40. Ronding van boud 41. Boud; agterkwart 42. Stertwortel 43. Lende 44. Heupkoppeling 45. Stert 46. Kruis 47. Heup 48. Draaiknop 49. Sitbeen

## 14. FINALE VOORBEREIDING VIR 'N SKOU

### Fisiese voorbereiding van die Perd

Ten einde 'n perd vir 'n skou gereed te kry, is dit noodsaaklik dat hy daaglik deeglik skoongemaak word soos by stalbestuur bespreek is. Die stert en maanhare moet deurentyd versorg word sodat dit nie kroes en onversorgd voorkom nie. Skou met enige ouderdom perde maar moet ouer as 6 maande wees.

**Twee weke vooraf:** Skeer die perd volgens die rasstandaarde.

**Twee dae of so vooraf:** Bad die perd van kop tot tone. Maak gebruik van teenskilfer sjampoo.

**Dag vooraf:**

### Ore

a) Knip alle hare binne in die ore uit ten einde die vorm van die ore te beklemtoon.

### Kop

- a) Knip alle lang hare om die neus en mond af. 'n Skeermes werk goed om die mondgedeelte.
- b) Lang hare onder kakebeen kan met 'n kersvlam weggeskroei word. Doen dit egter sowat 3 dae voor die skou omdat die geskroei hare se punte grys sal vertoon as dit 'n dag voor die tyd gedoen word.

### Bene

- a) Alle lang hare om die kootgewig moet sorgvuldig weggeknipt word om die bene fyner te laat vertoon.
- b) Hare by die hoefkroon wat oor die hoef groei word ook afgeknipt.

### Hoewe

- a) Die hoewe moet skoon en glad vertoon. Skuurpapier kan gebruik word om die skilferagtige horinglaag af te skuur.
- b) Die lengte van die hoef behoort nie 10 cm te oorskry nie.

### Lyf

- a) Die lyf, maanhare en stert moet tenminste twee dae voor die skou gewas word, aangesien die sjampoo die olie uit die hare verwyder wat dit dan kroes laat voorkom.
- b) Verhoed dat die perd weer vuil en vol stof word deur hom met 'n ligte kombes te bedek.

### Stert

- a) Die stert moet deeglik uitgeborsel word. Enige koeke of beddegoed in die stert in 'n skou-arena is onverskoonbaar.

### Maanhare

(Net soos die stert moet die maanhare ook goed versorgd vertoon)

- a) Indien die maanhare los vertoon word, moet dit goed uitgeborsel word en vry wees van koeke en vreemde voorwerpe.
- b) Moet nooit skewe punte met 'n skêr reguit knip nie. Onreëlmatighede word reggemaak deur die langer hare uit te pluk. Vra iemand wat weet hoe.
- c) Lang maanhare kan beskerm word deur dit tussen skoue in te vleg met kruipverband. Dit sal verhoed dat die hare breek of te veel geborsel word.

## 15. ALGEMEEN

### Hoe word 'n perd gemeet

Die eenheid is HANDE. Een hand is 10,6 cm. Word gemeet by hoogste punt van kambeen. 'n Ponie is laer as 15 hande. 'n Perd is 15 hande of hoër.

### Wat is die basiese benodigdhede vir 'n gelukkige en tevrede perd?

#### a) **Versorging**

- Goeie weiding (Gebaalde tef)
- Water (Skoon, vars en koel)
- Skaduwee
- Veilige heinings
- Windbreke (afdak met drie symure is beter)
- Geen giftige plante
- Geen skerp voorwerpe wat perd kan beseer nie
- Geen diep gate in grond

#### b) **Oefening**

- Maak seker dat perd droog is nadat hy gery is, voor hy weer in sy kamp uitgaan.
- Moenie perd te veel roskam nie, want dit verwyder belangrike olie uit sy vel.
- Die olie maak sy hare waterdig sodat hy nie nat word as dit reën nie.

## 16. RIGLYNE VIR WAS

### STAP 1

- a) Bring jou perd op die wasarea en maak jou perd vas by die spasio aan jou toegeken.
- b) Pak toerusting uit op veilige en praktiese plek, (maklik bereikbaar en uit jou en jou perd se pad).
- c) Staan terug en wag vir teken van die ringgids dat jou tyd begin.

### STAP 2

- a) Begin met jou roskam. Roskam jou perd deeglik van bo na onder en van voor na agter. Deeglike hale sowel as sirkelbewegings om los hare te verwyder en om onsuierhede op die vel los te maak.
- b) Neem jou harde borsel om los hare en onsuierhede wat die roskam losgemaak het te verwyder. Borsel jou perd se lyf deeglik af.
- c) Neem dan jou borsel/kam (borsel/kam van jou keuse – wat nie hare sal beskadig of onnodig breek) en borsel maanhare en stert deeglik uit om kaf en/of koeke in die hare te verwyder. Maanhare borsel jy van die punte af boontoe en stert ook van onderpunt af op, met deeglike hale (van bo na onder) sonder dat jy die haar onnodig beskadig of breek.
- d) Neem hoefskraeper, tel hoewe op, maak hoewe onder skoon en verwyder los of droë mis.

### STAP 3

- a) Neem jou pyp, draai die kraan versigtig oop. Moet nie laat die water te sterk loop nie. Die vloei van die water moet net reg wees om jou perd deeglik en egalig nat te maak. Wees versigtig dat jou perd of ander perde nie skrik vir die water nie.
- b) Eers op die hoewe sodat jy die dier kan gewoon maak aan die water en ook die hoewe tyd gee om te week. Dan teen die voorbeen op na die nekarea en dan oor die rug om die dier gerus te stel en gemaklik te maak met jou wasproses.
- c) Wees deeglik in jou natmaakproses sodat jy enige los hare wat oorgebly het na afborsel kan afspoel. **NB! - Moet onder geen omstandighede die perd in die gesig of oorarea met lopende water spuit nie!**
- d) Maak stert en maanhare deeglik nat, sodat as jy seep aanwend dit deeglik kan skuim en jy die gewenste skoonmaakaksie kan verkry.
- e) Maak jou kraan weer toe en plaas jou pyp uit jou en jou perd se pad om obstruksie te voorkom.

### STAP 4

- a) Neem jou seep en wend aan eers op maanhare en stert, maak seker dat jy tot op die wortel van stert en ook deeglik op die maanhare die seep inmasseer om skilfers en onsuierhede af te kry.
- b) Seep nou die perd se lyf, nek en bene. Maak veral seker dat jy aan die binnekant van die bene ook seep.

### STAP 5

- a) Maak jou emmer half met water en voeg 'n klein hoeveelheid seep in die water.
- b) Neem 'n sagte spons of lap, maak dit nat en maak die perd se gesig en oorareas skoon.



- c) Wees deeglik by die neus en ook rondom die oog om stof te verwyder.
- d) Bo tussen die ore, by die kuifarea moet jy ook seker maak dat dit goed skoon is.

***NB!*** - Indien jy die halter losmaak om die perd se gesig en kop skoon te maak, skuif dit af, oor die perd se nek. **Jou perd mag onder GEEN omstandighede los staan nie.** As jy klaar is, maak seker die halter is weer netjies om die perd se kop en stewig vas.

- e) Beweeg dan na agter. Tel die perd se stert op en maak deeglik onder die stertwortelarea skoon. Verwyder al die onsuiverhede en mis van onder die stertarea en ook enige skilfers met jou sagte sponsie/lap.
- f) Gebruik dieselfde water in jou emmer en 'n harde borsel om hoewe te skrop (buite-om, sowel as onder die hoewe) om enige droë mis en vuilheid te verwyder.

### **STAP 7**

- a) Begin nou die dier afspoel. Maak weer jou kraan versigtig oop en begin weer by hoewe afspoel, op teen die voorbene en dan na die nekarea om perd weer gewoon aan die proses te maak. Spoel perd af van bo na onder en van voor na agter.
- b) Maak veral seker dat jy die maanhare goed uitspoel (tot op die haarwortel) om seep uit te kry.
- c) Beweeg dan oor die rug, na die stertarea en soos wat jy oor die perd se lyf beweeg met jou water, gebruik jou ander hand (met rubberskraper) om die seep goed uit te vryf/skraap.
- d) Die stert moet ook deeglik uitgespoel word, van bo terwyl die water daarop loop. Masseer die stert met stadige streelaksie van bo na onder om seep te laat afvloei.

### **STAP 8**

- a) Ná al die seep uit die stert gespoel is en jy tevrede is dat jou perd goed afgespoel is, maak seker dat jou hoewe ook goed afgespoel is en dat daar nie seep op die haarlyn bo die hoef bly sit het nie.
- b) Spuit ook jou area skoon waar jy gewerk het, indien daar nog seep op die wasarea lê of dalk onsuiverhede. Draai die kraan stewig toe en verwyder pyp sodat dit nie in jou pad is nie.

### **STAP 9**

- a) Begin nou jou perd af te skraap met jou skrapertjie om oortollige water te verwyder. Begin by nekarea bo, net agter die oor en beweeg met lang, egalige hale af teen die nek, oor die borsarea, asook die vlanke van die perd. Begin op die rug van bo na onder en van voor na agter. Maak seker jy skraap teen die voor- en agterbene af en ook die boudarea. Deur goed af te skraap kan jy baie tyd spaar met die droogmaakproses.
- b) Maak seker, net voor jy klaarmaak, dat jy onder die perd se maagarea ook deeglik droog skraap. Water vloei natuurlik van bo na onder tot op die perd se maagarea, deeglike werk hier kan jou baie tyd spaar.

### **STAP 10**

- a) Neem jou handdoeke en begin jou perd afdroog. Begin weer agter die oor teen die nek af, dieselfde proses soos deur jou skraper gevolg.
- b) Wees deeglik met die maanhare en maak seker dat dit droog is onder die maanhare (die kant waarnatoe jou maanhare oorhang).
- c) Weereens, maak seker onder die maagarea, dat jy deeglik droogmaak.

- d) Beweeg in 'n deeglike proses van bo na onder en voor na agter op die dier, en maak seker jy droog die stert ook uit deur dit deeglik met die handdoek te vryf (Onder die stertwortelarea moet dit ook deeglik droog wees).
- e) As jy tevrede is dat jou perd se lyf, maanhare en stert droog is, beweeg nou na die gesig- en koparea en droog dit deeglik af.
- f) Laaste, droog die bene af. Maak seker dit is droog tot op die hoefhaarlyn en ook agter by die enkelgewrigte.

**NOTA:** Wanneer jy jou perd afdroog met jou handdoek, maak seker dat jy die hare glad maak in die rigting wat die hare natuurlik lê. Deur dit te doen sal jou perd netjies lyk en jou voorbereidings klas sal makliker wees. Jy kan ook 'n DROË en SKOON sagte borsel gebruik om die hare plat te kam.

### **STAP 11**

- a) Begin nou jou gereedskap weer terugpak soos jy dit aan die begin van die wasproses gehad het en sorg dat dit netjies op hul plek is.
- b) Rol jou pyp op en gooi water uit emmer om sodoende lap en sponsie ook uit te droog wat jy gebruik het.

### **WANNEER DIE TYD VERSTREKE IS:**

- As die ringgids die teken gee dat die tyd verstreke is, stop met jou proses, ongeag of jy klaar is met dit al dan nie.
- Maak gereed vir die inspeksie deur die beoordelaars.
- Steek jou hemp in, vee jou waterskoene af en maak seker jou pet en jou hare is netjies en dat jy gereed is vir die inspeksie.
- Maak jou perd los en bring dit vir die finale inspeksie by die beoordelaars, of bly by jou aangewysde area wag, totdat die beoordelaar by jou was vir finale inspeksie.
- Na afloop van die inspeksie, verwyder jou toerusting en sorg dat jou perd veilig terugbesorg word in die stalle.

### **WAS – handige wenke:**

- Ongeveer 2 dae voor die skou kan die perd se maanhare en stert gewas word met 'n skilferwerende sjampoo.
- Daarna kan dit behandel word met klapperolie om sodoende skilfers te voorkom, dit maak die wasproses minder tydsaam t.o.v maanhare en stert.
- Maak ook seker dat jy die kuif goed skoon was en uitkam voor die skou, hierdeur kan jy ook vir jouself baie tyd spaar.
- Die perd se lyf kan geskeer word met 'n skeerder, maar jy moet by die ras se spesifikasies en standarde bly ten alle tye. Indien jy die perd se maanhare afskeer gaan jy beslis moet baie goeie rede verstrek waarom.
- Besoek jou aangewese wasarea voor jou aktiwiteit begin sodat jy kan sien hoe dit lyk en dienooreenkomstig aanpas by die omstandighede.

### **Let na:**

- Water afvloeirigting (moet NOOIT jou toerusting in die water se afvloeirigting neersit nie, alles word nat en dit bemoeilik jou wasproses).
- Sterkte van watervloei.
- Lengte van pyp.

- Vasmaakarea en hoe veilig dit is as die perd sou skrik en ruk.

**NB!! - MAAK SEKER JOU PERD KOM PARASIE TVRY BY DIE SKOU AAN.** *Ondersoek elke dag jou perd om te voorkom dat bosluise daarop klim (onder die stert, tussen die stert hare, maanhare, lieste, borsarea, binne die ore en hoefarea.)*

- Konsentreer op jou proses en tegniek.
- **Oogkontak het in die wasproses min of geen waarde.**
- Maak wel seker jy weet wie die hoofbeoordelaar is omdat jy **by inspeksie ná die wasproses** moet konsentreer om nie tussen die dier en die hoofbeoordelaar in te beweeg nie en ook sodoende oogkontak te behou.
- As jou dier op die wasarea mis, gebruik 'n skoppie en verwyder onmiddelik die mis sodat jou dier nie weer daarin trap nie. Deur dit te probeer wegsput met water vererger net jou probleem.
- Indien jou dier nie hou van om vasgemaak te wees nie, kry **vroegtydig** iemand (neutraal – nie van jou span of provinsie nie), om die perd vas te hou.

## 17. RIGLYNE VIR VOORBEREIDING

### STAP 1

- a) Bring jou perd op die voorbereidingsarea. Maak jou perd vas by die spasie aan jou toegeken.
- b) Pak toerusting uit op veilige en praktiese (maklik bereikbaar en uit jou en jou perd se pad) plek uit.
- c) Staan terug en wag vir teken van die ringgids dat jou tyd begin. Maak ook seker wie die hoofbeoordelaar is, **hoewel oogkontak in die voorbereidingsproses net van toepassing is met die finale inspeksie, moet jy weet wie die beoordelaar in beheer is.**

### STAP 2

- a) Begin met jou roskam. Roskam jou perd deeglik in sirkelbewegings om van enige vuilheid ontslae te raak soos stof, mis en los hare. Wees deeglik by die proses om tyd te spaar.
- b) Neem jou harde borsel om los hare en onsuiverhede wat die roskam losgemaak het te verwyder. Borsel jou perd se lyf deeglik af. Onthou om die bene ook af te borsel.
- c) Neem dan jou sagte borsel. Borsel van bo na onder en links na regs. Maak seker jy borsel teen die bene ook af, sowel as aan die binnekant van die voor en agterbene.
- d) Neem dan jou borsel/kam (borsel/kam van jou keuse – wat nie hare sal beskadig of onnodig breek) en borsel maanhare en stert deeglik uit om die haar 'n mooi voorkoms te gee. Maanhare borsel jy van die punte af boontoe en stert ook van onder punt af op, met deeglike hale (van bo na onder).
- e) Maak 'n lap liggies nat of klam en vee jou perd se gesig af, eers die neus- en mondarea en dan onder die kakebeenarea.  
Maak jou halter los en skuif dit terug oor die nek om sodoende die oor- en oogareas ook te kan bykom. Om die oog is gewoonlik stukkies onsuiverhede wat veroorsaak word deur stof, ens. **(Moet onder geen omstandighede jou perd laat los staan of dat die halter heeltemal los om die dier is nie.)**
- f) Maak weer jou halter vas om die perd se kop en gaan voort met jou proses. Dit is belangrik dat jy seker maak dat die ore binne ook skoon is.
- g) Die perd se stertarea moet ook skoongemaak word. Lig die stert op en vee met 'n klam lap die onsuiverhede weg onder die stert.

### STAP 3

- a) Begin nou om jou hoewe buite-om skoon te maak. Gebruik 200 (nie te grof) graad skuurpapier wat jy in 'n klein vierkantjie gevou het om die hoof liggies buite-om te skuur. Vee af met 'n klam lap om die skuurstof te verwyder.
- b) Maak 'n sponsie nat met hoefolie en vee die hoof af om dit 'n netjiese blink voorkoms te gee. Dit help om jou perd se hoof op 'n matjie neer te sit sodat stof nie kleef aan jou "olie sponsie" nie.

**LET NA:** Waar hoewe verskillende kleure het, moet jy seker maak dat jy noukeurig te werk gaan (swart waar swart en wit waar wit). Bly weg van die hoewe af met spuitverf omdat dit die hoof se vermoë om "asem te haal" beïnvloed. Gebruik hoefolie of skoenspolier.

#### **STAP 4**

- a) Beweeg nou na jou maanhare en kam liggies uit met jou vingers.
- b) Gebruik nou die haarproduk van jou keuse om liggies op die maanhare te spuit en dan deur te kam met jou haarborsel om dit sodoende 'n versorgde voorkoms te gee.
- c) In dieselfde proses moet jy die kuif ook versorg, maar let daarop dat jy **nie** moet spuit direk op die kuif of naby die ore **nie**. Dit veroorsaak dat jou perd skrik. Spuit jou haarproduk direk op jou borsel en kam die kuif uit.
- d) Doen jou stert. Spuit liggies met jou haarproduk en borsel deur met jou haarborsel, maar wees doelgerig en moenie tyd mors nie.

#### **STAP 5**

- a) Gebruik nou 'n droë sagte lap of 'n wol handskoen (wool mitt) om jou finale proses te begin, deur jou dier se lyf af te vee. Spuit nou die produk van jou keuse op die lap (nooit direk op die dier) en vee die lyf af. (*bo tot onder; Voor tot agter*).

#### **STAP 6**

- a) Nadat jy die proses afgehandel het, smeer baba-olie tussen jou handpalms en vee oor die perd se neus- en mondarea om dit 'n glans voorkoms te gee. Waak teen te veel olie omdat dit stof laat aanpak en dit veroorsaak probleme met jou finale inspeksie.

#### **STAP 7**

- a) Nadat jy tevrede is dat jou voorbereidingsproses voltooi is, plaas jou toerusting weer terug op hul plek soos toe jy begin het.
- b) Maak jou skoene skoon, en sorg dat jy netjies is. Hemp ingesteeke, kep en hare netjies en hande skoon (handskoene sal verhoed dat jy jou perd vuil smeer wanneer jy die halters verander.)
- c) Maak jou halter los en skuif dit terug oor die nek van jou perd.
- d) Sit jou leer skoutoom / halter op en verwyder jou halter om die perd se nek, en staan gereed vir jou inspeksie.

#### **WANNEER DIE TYD VERSTREKE IS:**

- As die ringgids die teken gee dat die tyd verstreke is, stop met jou proses, ongeag of jy klaar is met dit al dan nie.
- Maak gereed vir die inspeksie deur die beoordelaars. Bly by jou aangewysde area wag totdat die beoordelaar by jou was vir finale inspeksie.

#### **VOORBEREIDING – handige wenke:**

- Besoek jou aangewese voorbereidingsarea voor jou aktiwiteit begin sodat jy kan sien hoe dit lyk en dienooreenkomstig aanpas by die omstandighede. As dit bv. stowwerig is, pas dadelik aan deur nie te veel oliëre produkte te gebruik nie, dit laat stof aanpak en bemoeilik net jou proses.
- As jou dier moet vasgehou word, kry **vroegtydig iemand (nie van jou provinsie of span)** deur die ringgids te vra vir hulp.
- Moet **nooit** direk op die dier se vel jou haarproduk of “blinkmaak” produkte spuit nie. Spuit op 'n lap en dan wend jy dit aan die gewenste area, as jy dit direk spuit op die vel kan dit vetterige areas maak wat stof laat kleef.

**WENK:** *Mr Min of motor 'dashboard spray'* is goeie produkte om te gebruik. Dit laat die vel mooi blink maar dit maak ook dat stof nie kleef nie. (Net 'n handige wenk – die deelnemer

kan die produk van sy keuse gebruik). As jy die stert en maanhare doen kan dit gespuit word direk op die haar.

- Maak die oorarea 2 tot 3 dae voor die skou goed skoon. Voel vir bosluise en maak seker die oor is goed skoon, asook die binnekant van die oor.


**NB!! - Geen knippers of skêre sal toegelaat word met die voorbereidingsproses nie, dit is nie veilig nie. Enige knipwerk of skeerwerk aan die dier moet by die voorbereiding voor die skou gedoen word.**

- Ore moet uitgeskeer wees. Snorbaarde rondom die mond moet korter gemaak word. Bo tussen die ore kan geskeer word (bridel cut – dit is vir die halter/toom om netjies te sit agter die ore op die dier se kop). Bly weg van die oogarea af met skêre of knippers.
- Diere se lywe mag geskeer word, maar daar moet binne die ras se spesifikasies gehou word met die proses.
- As jy jou hoewe doen, **moenie spuitverf of spuitbare vernis (clear lacquer spray) gebruik nie**. Die hoef kan nie asemhaal nie en dus is dit nadelig vir die hoef. Gebruik hoefolie en/of skoenpolitoer. Wend dit aan met 'n sponsie. Van die vloeibare skoenpolitoer produkte het klaar 'n sponsie voor aan en is maklik om te gebruik.
- As jy klaar is met jou proses, en jy maak gereed vir die inspeksie, wag vir die beoordelaar om by jou aan te sluit vir finale inspeksie.
- Hou oogkontak, moet nooit tussen die hoofbeoordelaar (slegs hoofbeoordelaar – al is daar 2 beoordelaars, fokus slegs op die beoordelaar in beheer van die klas) en die dier inbeweeg nie.

## 18. RIGLYNE VIR SKOUMAN

- a) Bring jou dier na die aangewese area.
- b) Wag vir die ringgids se bevel oor hoe die klas gaan verloop.
- c) Jy is onder beoordeling die oomblik wat jy die arena (area waar skouman aangebied word) betree, en bly onder beoordeling totdat die bevel, “die klas mag ontspan” teken vanaf die hoofbeoordelaar kom.
- d) Baie van die areas aangewys vir skouman verskil in grootte, dus moet jy jouself vergewis van die area, sowel as die grootte van die area.
- e) Sorg dat jou perd skoon is. Netjies versorg en gereed vir jou skoumanklas. Jy self moet ook netjies wees. Skoon skoene, hemp ingestek en pet netjies op jou kop.
- f) Peitsie, leer skouhalter en handskoene gee 'n afgeronde trotse voorkoms en sal beslis in jou guns tel.
- g) Kom tree aan by die aangewese area en maak gereed vir jou individuele inspeksie.
- h) **OOGKONTAK IS HIER BAIE BELANGRIK.**
- i) Moet **nooit** tussen die dier en die hoofbeoordelaar inbeweeg nie.
- j) Antwoord ook jou vrae (wat deur die hoofbeoordelaar gevra sal word) met selfvertroue en trots. Wees trots op dit wat jy doen sowel as op jou dier.
- k) Na afloop van die inspeksie sal jy gevra word om die onderstaande (soos geïllustreer figuur 1 hieronder) bewegings-driehoek te doen. Maak seker wat die beoordelaar in beheer van jou verwag ten opsigte van hoe die driehoektoets voltooi moet word.
- l) Daar mag gevra word om altwee te doen, of net die een. Wat ookal die beoordelaar se keuse op daardie dag.


**Figuur 1:**



- Die hoofbeoordelaar sal geplaas wees by punt A, in hierdie aktiwiteit MAG jy tussen die beoordelaar en die dier wees en maak dit nie saak watter kant van die dier jy jouself plaas om die beweging te voltooi nie. Dit is jou keuse om links of regs van die perd te beweeg, wat ookal die gemaklikste vir jou en jou dier is.
- By hierdie aktiwiteit word daar gekyk na hoe jy jou perd laat beweeg en dien as platform vir jou om jou kundigheid daar rondom te bewys.
- Oogkontak in hierdie aktiwiteit is belangrik, dus moet daar gelet word op 'n goeie balans tussen kontak met jou dier, hoe jy jou aktiwiteit voltooi en oogkontak met jou beoordelaar.
- Die ring-gids sal jou vra om te beweeg na die beoordelaar by punt A.
- Tree jou dier aan by punt A en maak seker jy staan langs jou perd, gereed om die bevel uit te voer.
- Die beoordelaar sal jou vra om die driehoek te voltooi.
  - Stap van punt A na punt B in 'n reguit lyn.
  - By punt B, stop, tree weer jou dier aan.
  - Draf dan na punt C (beweeg verby punt C) met 'n vloeiende beweging.
  - Gaan verby punt C en gaan tree aan soos toe jy die baan binnegekom het, in die aantreelyn, saam met die ander deelnemers.

**LET WEL:** Wanneer jy draf vanaf punt B na C, draf doelgerig, met spoed en wees trots op jou dier. Hierdie is jou kans om jou dier te “skou” (ten toon te stel) vir die beoordelaar.

**Figuur 2:**



- Die hoofbeoordelaar **sal altyd** geplaas wees by punt X, in die middel van die driehoek soos aangedui in die skets aangeheg.
- By hierdie aktiwiteit, met die posisie van die hoofbeoordelaar by punt X, behoort dit nie 'n probleem te wees vir jou om **nie** tussen jou dier en die beoordelaar in te beweeg nie.
- **Oogkontak in hierdie aktiwiteit is belangrik**, dus moet daar gelet word op 'n goeie balans tussen kontak met jou dier, hoe jy jou aktiwiteit voltooi en oogkontak met jou beoordelaar.
- Die ringgids sal jou vra om na punt A te beweeg.
- Tree jou perd aan by punt A en stap na punt B, draf na punt C en draf dan weer na punt A.

**BELANGRIK:**

- ❖ Vir junior-junior deelnemers mag daar gevra word om te stap van punt A na B, stap van B na C en slegs van punt C na A te draf, dit hang alles af van die veiligheid (vir dier sowel as deelnemer) van die area wat geskou word in, sowel as hoe die hoofbeoordelaar die klas opsom. (Alles met die veiligheid van die deelnemer in gedagte en as hoof beweegrede) *Baie keer word van geleende diere gebruik gemaak en dus is die vertoner nie vertrou met die dier nie, daarom die veiligheid van die kind heel eerste!!*
- ❖ Die vraag word baie gevra; moet die aktiwiteit vloeiend of met 'n halt by die punte uitgevoer word, die antwoord is eenvoudig, as jy vanaf een gang na 'n ander gang oorgaan (met 'n gang bedoel ek – van stap na draf of andersom), stop en tree jou dier aan en dan gaan jy oor



na die volgende gang. Dit verhoed dat dier uit beheer raak en dit gee meer afgeronde voorkoms aan jou aktiwiteit.

- ❖ Na afloop van die driehoektoets mag daar gevra word vir die groep deelnemers om almal terselfdetyd om die driehoek (**kloksgewys**) soos in figuur 2A te beweeg.
  - Daar sal gevra word om te stap, te halt en om te draai en rigting te verander en voort te gaan (**anti-kloksgewys**).
  - In hierdie beweging sal gekyk word na volgafstande, hoe die dier hanteer word in groepsverband (hoewel dit 'n individuele aktiwiteit is) en hoe die deelnemer reageer in die omstandighede.

### **AAN DIE EINDE VAN DIE KLAS:**

- Die ringgids die deelnemers vra om aan te tree. Tree dan aan in die aantrelyn.
- Die beoordelaars sal die finale plasings maak en dan die bevel gee dat die klas ontspan. Slegs dan mag die deelnemers ontspan en wag dat die finale plasings gelees word.

### **SKOUMAN – handige wenke:**

- Besoek jou skoumanarea voor jou aktiwiteit begin, sodat jy kan sien hoe dit lyk en dienooreenkomstig aanpas by die omstandighede.
- Bring jou dier na die area en oefen jou draf, aantree en driehoektoets. Jy sal baie baat vind daarby.
- As jy deur die ringgids aangetree word, kommunikeer met die hoofbeoordelaar deur middel van die ringgids, om hom/haar in kennis te stel as jy langs 'n perd staan wat skop of dalk uit beheer mag raak.
- **Veiligheid** van die deelnemer en dier is van kardinale belang.
- Met jou driehoektoetse, stap doelgerig langs jou perd. Lei jou dier met jou hand, 'n gemaklike afstand van die dier se kop af, steeds met die leiriem stewig in jou hand.
- Hou jou afstand van die dier, deur met jou elmboog naaste aan die dier gedurig kontak te maak teen die dier sodat jy nie raakgetrap word nie.
- Stap van bv. punt A na punt B (of enige van die bakens uitgesit in die aktiwiteit) in 'n reguit lyn. Dieselfde met jou draf. Beweeg doelgerig en so reguit moontlik na jou onderskeie bakens. Dit wys vir die beoordelaar dat jy met selfvertroue te werk gaan en jou dier wil tentoonstel.
- Stap regop, met 'n netjies postuur langs jou perd.
- As jy jou perd vra vir 'n draf, moenie aan die leiriem trek nie. Beweeg langs die skouer van die perd in en met jou hand wat lei, effens voor jou uit. Gee die bevel (deur te vra “up”, of 'n “kluck” geluid met jou tong te maak) vir jou dier om te draf. Hier is afrigting van jou dier belangrik en ook die manier hoe jy die dier hanteer.
- Die beoordelaar is bewus dat daar baie van geleende diere gebruik gemaak word, dus **sal daar** met die **nodige oordeelkundigheid** beoordeel word.
- As jy in die aantrelyn staan en jou perd begin onrustig raak (klasse word lank as daar baie deelnemers is, dit mag jy slegs doen as jy **nie** vir inspeksie staan en of besig is met jou driehoek toets **nie**), beweeg uit die lyn deur reguit vorentoe te stap en in 'n sirkelbeweging jou perd om te draai. Stap terug en tree weer aan op jou aangewese spasie. Sodoende hou jy jou perd besig en dit help ook dat die perd nie onrustig raak nie.
- **'n Handige wenk hier is:** na jy jou perd skoongemaak het en gereed gekry het vir skouman, spuit goed met 'n vliegafweermiddel van jou keuse (Flygo of iets soortgelyk). Veral onder by die hoewe en op die bene (voor en agter). Spuit ook op die dier se lyf- en ruggedeelte. Spuit

op 'n lap en vee die dier se gesig liggies af, veral om die oor- en oog areas. As die vlieë nie pla nie, staan die perd stil en is dit verseker tot jou voordeel.

- Belangrike terme wat baie gebruik word by skouman is, **aantree** of jou perd aan te tree. Met dit bedoel ons bring die perd tot by die aantreepunt en laat die perd gemaklik staan.
- Kyk dat die voete mooi eweredig staan en die perd gemaklik op al vier hoewe rus. Lig jou perd se kop effens op en wees trots op jou dier, stel dit ten toon, dit is wat skou beteken.

## 19. RIGLYNE VIR GROEPKLASSE

1. Keuse van jou dier is hier baie belangrik, asook die keuse van roetine. Daar is wel omstandighede wat dit bemoeilik omdat diere geleen word en ook nie bv. dieselfde hoogte/kleur is nie.
2. Die spasie wat die aktiwiteit in aangebied moet word is ook soms klein en beperk die deelnemer. Die deelnemers se improvisasie/kreatiwiteit maak 'n belangrike deel uit van hierdie aktiwiteit en skeep die ruimte vir 'n goeie poging om jouself te bewys as hanteerder van jou dier.
3. Jou dier moet **baie goed** voorberei wees vir die aktiwiteit, net soos vir skouman. Jyself moet baie netjies wees. Maak seker dat jou hemp ingesteeek is, kep netjies op jou kop en skoene skoon. Probeer eenvormig wees, bv. dieselfde skoutooms, handskoene, jeans (snit dieselfde sowel as kleur blou). Sulke klein detail gaan verseker in jou guns tel.
4. Die ringgids sal die onderskeie groepe aantree in die aantreelyn.
5. Maak seker julle almal weet wie die hoofbeoordelaar is en maak seker dat jy oogkontak (**baie belangrik**) behou met die beoordelaar in beheer.
6. Vra dat die ringgids vir jou die beoordelaar plaas waar die groep dit verlang. Roetines verskil, dus is dit die deelnemer se keuse waar die beoordelaar moet staan.
7. Begin met jou roetiene en handel dit af en gaan staan weer in die aantreelyn. Die roetine by groepklasse hang totaal en al af van die deelnemers en hul eie kreatiwiteit, dus is daar geen voorgeskrewe reëls en regulasies vir die roetine in groepklasse nie.

## 20. ALGEMENE INLIGTING

**Kleredrag: GEEN deelnemers met selfone, oorfone, horlosies, juwele, kougom of grimering gaan in die ringe of area's toegelaat word nie.**

- **Was** – Kep en hemp wat deur die bestuur/skou aangewys is as die kleredrag vir die duur van die skou. Denim en waterskoene is belangrik vir die wasproses.
- **Vorbereiding** – Kep en hemp, denim en skoene. Dit gee 'n baie netjiese voorkoms as jyself netjies en skoon is en jou jean ook skoon gebly het deur die voorbereidingsproses. Dit is nie nodig vir waterskoene nie. As jy sou met waterskoene werk en net voor jy gereed maak vir inspeksie jou leerskoene aantrek wat netjies skoon is, gee dit 'n netjiese afgeronde voorkoms soos met jou skoon jean hierbo genoem.
- **Skouman** – Kep en hemp, netjiese donkerblou jean met leerskoene. Hier word nie spesifikasies gegee rondom die snit (skinny, boot-cut of straight) van die jean nie, dus wat ookal die deelnemer goed pas. Netjiese donkerblou jean wat 'n afgeronde voorkoms gee aan die deelnemer is belangrik.

- **Groepklasse** – Kep en hemp. Deelnemers moet sover moontlik probeer om dieselfde te lyk. Jeans met dieselfde snit asook dieselfde kleur (donker blou). Enige iets wat tot voordeel kan strek van die deelnemer t.o.v. eenvormigheid is welkom. (Belt buckles wat dieselfde lyk, dieselfde kleur brow band op die skou-toom van die diere).

**NB!!** - Ons verstaan dat dit soms moeilik is om jeans te kry wat dieselfde lyk of dalk met dieselfde snit, daarom sê ons dat dit **voordelig is of sal wees**, en nie verpligtend.

### **Beoordeling van deelnemers:**

- Beoordeling van die deelnemers sal op 'n regverdige wyse geskied. Dit sal ook gedoen word binne die reëls van die betrokke goedgekeurde handleiding. Veranderinge wat aangebring word deur die Nasionale Bestuur sal aan beoordelaars deurgegee word.
- Onder geen omstandighede sal daar gediskrimineer word teen 'n deelnemer op 'n onregverdige wyse nie. Beoordelaars sal slegs deelnemers beoordeel op die punte soos vermeld in die handleiding en ook met geen vooropgestelde idees wat deur 'n eie persepsie gevorm is nie.
- Elke beoordelaar het sy/haar eie manier van hoe en waarna gekyk word as hy/sy 'n deelnemer beoordeel. Ook hoe hy/sy die deelnemer 'n punt gee t.o.v. sy proses en tegniek in die betrokke afdeling. Maak net seker dat dit regverdig en altyd tot voordeel van die deelnemer, sowel as die organisasie is. Deelnemers word afgerig soos deur die handleiding voorgeskryf, dus sal dit die riglyne wees vir beoordeling ook.
- Beoordelaars sal na afloop van die onderskeie klasse beskikbaar wees vir terugvoering rondom plasings, ens. Onder **GEEN** omstandighede sal beoordelaars reageer op klagtes wat nie officieel en nie deur die regte kanale na hulle kom nie. Beoordelaars sal reageer en assisteer met klagtes soos deur die bestuur aan hulle deurgegee.

**Die skou is 'n leerproses.**

**Geniet dit en maak die beste daarvan.**

**Dit gaan nie oor wen nie, dit gaan oor leer en deelname.**

**Geniet elke oomblik.**



## Aanhangsel A

In 'n geval waar perde moeilik raak gedurende die skou, moet daar altyd opgetree word in **die beste belang van jou en jou mede-deelnemers se veiligheid.**

Indien jou perd onrustig of moeilik raak gedurende die 'line-up' moet die deelnemer reguit vorentoe beweeg uit die lyn uit, om die deelnemers stap en weer terug in sy/haar plek inbeweeg.

Sou jou perd moeilik/onrustig raak wanneer die deelnemers gelyktydig agter mekaar stap, moet die deelnemer uit die lyn beweeg en agter in die lyn inval. Die voorste deelnemer moet dan spasie maak sodat die deelnemer agter in die lyn kan val.

Dis belangrik dat deelnemers altyd hulle eie diskresie gebruik in enige geval waar 'n dier onrustig/moeilik raak. Dit wys die beoordelaar die deelnemer se ware 'Horsemanship skills'. Deelnemers kan enige tyd die ringgids roep, indien daar enige probleem is. Die ringgids sal dan die geval oordra aan die beoordelaars.

Deelnemers wat voel dat sy/haar perd 'n te groot risiko vir haar/homself en vir sy/haar mede-deelnemers is, mag die gids en beoordelaars vra om die ring te verlaat. Indien die deelnemer nie enige poging aanwend om op te tree in die beste belang van die ander deelnemers se veiligheid nie, mag die beoordelaars die deelnemer vra om die ring te verlaat. Die deelnemer is dan klaar geskou, dus sal daar net beoordeel word vir die tyd wat die deelnemer deel was van die skou prosedure.

Die beoordelaar kan in so geval die deelnemer vra om 'n ander perd te "leen" by 'n mede-deelnemer indien daar 'n finale besluit gemaak moet word t.o.v. 'n finale plasing. Weereens, dit gaan oor die kind en die ander deelnemers rondom hom/haar se veiligheid. Sodoende verseker ons dat elke deelnemer regverdig beoordeel word.

